

\*ENGLISH TEXT BELOW\*

## MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JULIE 2019

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikassie Aksiegroep ("HSAG") op grond van u belegging in die Highveld Sindikassie maatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender by [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

### **HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – JULIE 2019 WEERGAWE INHOUD:**

1. DIE ANALOGIE VAN DIE APPELKOOSBOOMPIE
2. VOEG DAAD BY WOORD
3. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PIC-BELEGGINGS – DEEL 2
4. HUIDIGE STAND VAN SAKE:
  - 4.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)
  - 4.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20
  - 4.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek
  - 4.4 Aansoek om Tussenbeidetrede
5. FINANSIERING VAN KLAS-AKSIES
6. BELANGRIKE DATUMS
7. OPVRAGING VIR BYDRAE TOT REGS- EN ADMINISTRASIEKOSTE – 2019
8. ALGEMENE BOEDEL NAVRAE
9. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP
10. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS
11. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE
12. SPESIALE OPVRAGING: HS 21 & 22
13. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE
14. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

## **1. DIE ANALOGIE VAN DIE APPELKOOSBOOMPIE**

HSAG-lede en buitelanders benader die HSAG dikwels met vroe oor waarom die hofproses nie vinniger afgehandel word of onmiddellike resultate lewer nie.

Die HSAG se klas-aksie en aanverwante prosesse kan vergelyk word met die groeiproses van 'n appelkoosboom.

Die jong boom moet eers behoorlik wortel skiet, gevoed word en tyd gegun word om te groei en sterker te word. Alhoewel die boom na 2 jaar sekerlik gaan begin vrugte dra, is die boom nog nie in volle produksie nie. Die boom sal na ongeveer 5 jaar eers begin voldoen aan sy potensiaal en sy ware waarde begin toon.

Tyd kan in seisoene gemeet word, en so ook die hofproses. In die somer is die boom pragtig en groen en groei in volle dreef. Dan begin dit kouer word, die nagte word langer, die boom raak vaal en sy blare val af. Die boom lyk glad nie meer aantreklik nie en die boer oorweeg self om op te gee op die boom en hom uit te kap.

Wat die onkundige boer nie weet nie, is dat jy nie die boom kan forseer of druk om vrugte te dra nie. Die boom moet die geleentheid gegun word om te floreer in die lenteson, sonder dat die boer opgee op hom in die winter.

So kom en gaan die seisoene, en wanneer die tyd reg is het die boer 'n gevestigde boord en lê die koelkamers vol appelkose.

Soms neem die moedeloosheid oor en raak die geduld van HSAG-lede min. Hulle voel asof dit nie meer die moeite werd is om die boom water te gee nie. Die HSAG wil egter vir elke lojale ondersteuner moed in praat en vra om nie op te gee op hul appelkoosboom voor dit 'n kans gegun word om te floreer nie.

Die HSAG is in sy 5de bestaansjaar, en vir bykans 5 jaar is die HSAG en sy regspraak dag in en dag uit besig om die boom te voed en te beskerm van onvoorsiene hittegolwe en kouefronte. Die HSAG appelkoosboom is beslis nog nie uitgekapt nie, en uiteindelik begin tekens van appelkose duidelik raak soos wat die Aansoek vir Sertifisering van 'n klas-aksie vir HS 21 & 22 nader kruip.

## **2. VOEG DAAD BY WOORD**

Die tyd het aangebreek vir HSAG lede om die daad by die woord te voeg.

Die HSAG-bestuur is van mening dat dit onregverdig is dat sommige HSAG-lede, selfs die wie hul bydraes in kleiner bedrae afbetaal, ander lede dra wie nie bereid is om hul deel te doen nie.

Die getalle is verrassend. 80% van alle HSAG-lede het voor die einde van Desember 2015 aangesluit, en in totaal het 96% van alle HSAG-lede aangesluit voor 31 Desember 2016. Die befondsingsmodel van die HSAG is groepsledebefondsing. Dit is egter skokkend om te berig dat na amper 5 jaar daar slegs 15% van die lede tot op datum volop betaal is en noodsaak hierdie feite ons om drastiese besluite te neem

betreffende lidmaatskap, bydraes en die pad vorentoe. Minder as 3% van alle HSAG-lede het hul lidmaatskap beëindig ingevolge die vereiste metode, naamlik deur die beëdiging van die voorgeskrewe verklaring. Die vereistes om deel te wees van die HSAG en sy strewes om lede se verliese deur 'n geregshof te verhaal, sal nou noemenswaardig vernou word.

Dit beteken dat, indien HSAG-lede nie hul bydraes binne die volgende 6 maande op datum bring of 'n bona fide reëling tref om dit op datum te bring nie, hul uitgesluit kan word van outomatiese beskerming onder die HSAG-sambreel. Die HSAG-bestuur het reeds met hul regsman gekonsulteer en besluit dat die huidige "opt-out" bedeling, soos vervat in die Kennisgewing van Mosie van die Aansoek om Sertifisering van klasse vir HS 21 & 22 beleggers, gewysig sal word na 'n "opt-in" bedeling.

Die Hof sal versoek word dat alle HS 21 & 22 HSAG-lede wie se bydraes op datum is, geag word om outomaties deel te wees van die klas-aksie, sonder om addisioneel positiewe stappe te neem om te "opt-in". HSAG-lede wie nie binne hierdie kategorie val nie sal dus moontlik addisionele stappe moet neem om deel te wees van die klas-aksie na sertifisering.

Die voordeel van sulke bedeling sal wees dat slegs die lede wie gewillig en in staat is om die litigasie moontlik te maak, sal voordeel trek, sonder dat hul lede hoef te dra wie kies om op die kantlyn te sit en kyk en nie die litigasie ten volle te ondersteun nie.

'n Verdere voordeel van 'n geslote klas ("opt-in" bedeling) is dat daar sekerheid sal wees van presies hoeveel Georgiou sal moet betaal, sou die HSAG se eise suksesvol wees, of selfs indien daar skikkingsonderhandelinge moet plaasvind. Voorheen het Georgiou voorgestel om die klas-aksie in geheel te skik aangesien hy nie tussentydse finansiering van finansiële instellings kan verkry terwyl daar hangende klas-aksie litigasie teen hom is nie.

Die volgende inligting is baie belangrik vir skikkingsdoeleindes, sou dit daartoe lei:

Die "opt-in" bedeling sal tot Georgiou se voordeel wees sou hy oorweeg om te skik, aangesien hy 'n bepaalde en vaste hoeveelheid eise sal moet skik.

Byvoorbeeld, indien 'n duisend beleggers met 'n gemiddelde eis van R250 000.00 per belegger "opt-in" en onder die klas se sambreel val, sal die totale skikkingsbedrag van sodanige klas bereken kan word as ongeveer R250 000 000.00.

Dit is veel minder as die totale beleggingswaarde van elke belegger in HS 15 tot 22, wat neerkom op ongeveer R4,6 miljard. Die "opt-in" bedeling het dus 'n geweldige invloed op die praktiese gevolge van die litigasie en die bepaalbaarheid daarvan, en kan die verhaal van HSAG-lede se volle kapitaal vergemaklik.

Die ekonomie van skale is, en was nog altyd, van toepassing op die klas-aksie. Dit is die eenvoudige rede waarom die HSAG in staat was om op te tree vir kleiner sindikasie-groepe. Om-en-by die helfte van die HSAG-ledetal het beleggings in HS21 & 22. Dit maak dus eenvoudig net sin dat daardie sindikasies, wie volgens die HSAG advokatuur ook die pad van minste weerstand is, gedryf word. Die Noormahomed uitspraak wat, Georgiou appèlleer, bepaal dat die terugkoopklousule, spesifiek soos

vervat in die HS 21 & 22 prospektusse, ten spyte van die sakereddingsplan en die Art 155-Reëlinskema (Reëlinskema) steeds bindend en afdwingbaar is. Die uitspraak kan dus dien as gesag vir HSAG-lede met eise in HS 21 & 22.

Die bogenoemde beteken egter nie dat die HSAG-bestuur en regsplan hul lojaliteit teenoor lede met eise in HS 15 tot 20 prysgegee het nie.

### **3. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PIC-BELEGGINGS – DEEL 2**

'n Finansiële joernalis van Moneyweb het 'n reeks artikels geskryf oor die Picvest-saga.

Die gemelde artikels gee vir lesers 'n goeie agtergrond en begrip oor presies wat oor tyd gebeur het in die Picvest-saga, sedert Georgiou betrokke geraak het.

In die volgende paar HSAG-Nuusbriefe gaan ons voort om kort en bondige opsommings van die artikels te gee, maar ons wil u graag uitnooi om die artikels, wat op die amptelike HSAG-webblad by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) verskyn, te lees.

**DEEL 2** van die reeks artikels: “The peculiar case of the Picvest billions: Part 2” gaan voort om die ingewikkelde geskiedenis van die Hoëveld Sindikasie (HS) skemas sedert hul ontstaan te verduidelik.

Na die implementering van Hans Klopper se ondernemingsreddingsplan (BRP) in Desember 2011, is baie min van die plan se voorwaardes behoorlik geïmplementeer.

Ingevolge die BRP sou alle HS-eiendomme na Orthotouch oorgedra word teen hul markwaarde van R2,6 miljard. Daarbenewens sou Georgiou en verwante entiteite addisionele eiendomme ter waarde van R1,5 miljard na Orthotouch oordra. Die plan het ook verklaar dat, indien Orthotouch eiendom verkoop om finansiering te bekom vir die verbetering van ander eiendomme, daardie opbrengste slegs binne Orthotouch aangewend mag word - dit het eenvoudig nie gebeur nie!

Moneyweb se ontleding van die titelbewyse toon dat, kort voor en na die goedkeuring van die BRP, daar 'n vinnige afverkoop van eiendomme was waarin die oorgrote meerderheid van die voormalige HS-eiendomme direk, of via Orthotouch in opeenvolgende transaksies, aan derde partye verkoop is. Die opeenvolgende transaksies behels 'n transaksie waardeur entiteit A eiendom verkoop aan entiteit B, en entiteit B dit onmiddellik verkoop aan entiteit C sonder om oordrag van die eiendom te neem.

Die mees opsigtelike transaksies was die verkope van sowat 27 eiendomme deur Zephan aan Accelerate deur Orthotouch in 2013.

Orthotouch het nooit eienaarskap van die eiendomme geneem nie en volgens Moneyweb se berekeninge verliese van byna R800 miljoen gely.

Tans besit Orthotouch nie 'n enkele eiendom nie.

### **Artikel 155-Reëlinskema:**

Drie jaar na die aanvaarding van die BRP, en na die verkoop van 'n aansienlike aantal eiendomme, het Orthotouch beleggers ingelig dat sy inkomste onvoldoende was om beleggers ingevolge die BRP te betaal.

'n Artikel 155-Reëlinskema (“Reëlinskema”) is aan beleggers voorgelê as alternatief tot die likwidasië van Orthotouch en die HS-maatskappy. Die Reëlinskema is gesanksioneer deur die Hooggeregshof in November 2014.

Zephan was die finansiële onderskrywer van die skema. Weens die feit dat geen eiendomme na Orthotouch oorgedra is nie, is Orthotouch heeltemal afhanklik van betalings van Zephan om sy verpligtinge teenoor beleggers na te kom.

Kort voor die aanvaarding van die Reëlinskema het beleggers hul ontevredenheid aggressief begin uitgespreek.

Dit was amper 'n oorlogvoering tussen twee kampe. In die een kamp was Georgiou, Klopper en Orthotouch; en in die ander spesifieke groeperings van beleggers en makelaars wie die geldigheid van die Reëlinskema uitgedaag het.

Die teenstanders is nooit geïdentifiseer nie.

Die Georgiou-kamp het ook beweer dat hul optrede banke ontmoedig om finansiering te verleen, wat benodig is om die eiendomme op te gradeer en te onderhou, en dat dit weer die skema verhinder om beleggers te betaal wat hul toekom.

### **Uitgebreide litigasie:**

Ten spyte daarvan dat hulle nie genoem is nie, was die teenstanders waarskynlik die groep beleggers en makelaars wie die Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) gestig het, wie se regsverteenvoerder, Jacques Theron, beweer dat dit hul die ondersteuning van bykans 7 000 betalende beleggers gekry het en aansoeke geloods het om die Reëlinskema ter syde te stel, en vir die sertifisering van 'n klas-aksie.

Dit was die begin van talle regsgevegte tussen Georgiou / Orthotouch en die HSAG.

Die belangrikste was twee gevalle waar twee Hooggeregshofe gevind het dat Georgiou die HSAG-aansoeke se aansoeke probeer ontspoor het toe hy die ses individuele aansoekers, wie namens al die HSAG-beleggers opgetree het, genader het en hul eise geskik het. In ruil vir die skikking het die applikante agteraf die sertifiserings- en tersydestellings aansoeke, sonder om die HSAG of Theron in te lig, teruggetrek.

Georgiou het teen hierdie uitsprake geappelleer, maar het dit na 'n kort argument voor die Hoogste Hof van Appèl teruggetrek en bestraffende koste aangebied en beweer daarna dat sy regspan nie hul regsargument kon voorlê nie.

Advokaat Louis Bolt, wat 'n aantal individuele HS 21 en 22 beleggers verteenwoordig, het eise namens hulle ingestel op grond van die spesifieke terugkoop-ooreenkomste wat Georgiou ingestem het toe hy die oorspronklike HS-kontrakte geteken het.

Bolt is tot dusver suksesvol met 'n gunstige uitspraak van die Pretoria Hooggeregshof dat die ooreenkomste nagekom moet word. Dit het die deur oopgemaak vir alle HS 21 en 22 beleggers om soortgelyke eise teen Georgiou in te stel, welke eise meer as R2 miljard kan beloop. Georgiou is verlof tot Appèl in die Hoogste Hof van Appèl (HHA) toegestaan.

Bolt het ook 'n aantalle suksesvolle Aansoeke om Verstekvonnisse gebring waarin Zephan beveel is om 'n aantal beleggers terug te betaal. Mettertyd sal daar 'n hangende aansoek vir die likwidasie van Zephan aangehoor word.

### **Nie-betaling van rente:**

Ten spyte van hierdie litigasie is rentebetaling aan beleggers gemaak ingevolge die Reëlinskema. Georgiou beweer 'n totaal van R1,3 miljard is aan beleggers betaal.

In Junie 2018, kort na Georgiou sy appèl in die HHA teruggetrek het, is beleggers ingelig dat rentebetaling aan diegene wat die litigasie van Bolt en die HSAG ondersteun, opgeskort is. Georgiou het in verskeie briewe die opskorting geregverdig en aangevoer dat die regsaksie die skema kan laat ineestort.

Georgiou het bygevoeg dat dit onregverdig is teenoor beleggers wat die Reëlinskema ondersteun as ondersteuners van die litigasie teen hom steeds rentebetaling ontvang. Opskorting van rentebetaling is egter in stryd met die Reëlinskema, aangesien die skema nie Orthotouch diskresie verleen om individuele beleggers selektief te betaal nie. Dit het ook gelei tot Derek Cohen, die ontvanger van die Orthotouch-skema, se bedanking.

Die Moneyweb-ondersoek toon dat Orthotouch tans geen eiendom besit en geen onafhanklike bron van inkomste het nie.

Verder besit Zephan slegs 10 eiendomme.

Die titelaktes van hierdie eiendomme toon dat hulle vir ongeveer R300 miljoen verkry is, wat blyk om skaars genoeg te wees om voldoende opbrengste te lewer om beleggers te betaal ingevolge die Reëlinskema. In die opponerende verklaring van die likwidasie aansoek, bevestig Georgiou dat hy nege onbeswaarde eiendomme ter waarde van sowat R266 miljoen besit.

Orthotouch is dus 'n leë dop en heeltemal afhanklik van Zephan om fondse te voorsien om rente en kapitaal aan beleggers ingevolge die Reëlinskema te betaal.

Die navorsing toon aan dat daar nie veel oor is van die 79 eiendomme wat die 18 700 beleggers vir R4,6 miljard kontant "gekoop" het meer as 'n dekade gelede nie.

Moneyweb het 'n konsep weergawe van die oorspronklike artikel voor publikasie gestuur, en hy het nie reageer daarop nie.

### **\* Vertaal en Verkort**

Kyk gerus uit vir die **DEEL 3** van die reeks in die volgende HSAG-Nuusbrief.

## **4. HUIDIGE STAND VAN SAKE**

### **4.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)**

Die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 word in twee dele aangehoor, naamlik:

- Gedeelte A – Waar die HSAG suksesvol vir die Hof gevra het om 'n bevel, wat bepaal het dat Georgiou en Andere nie Opponerende verklarings hoef te liasseer nie, te wysig sodat die saak kan voortgaan.
- Gedeelte B – Waar die HSAG die Aansoek bring vir die Sertifisering van 'n klasaksie vir HS 21&22.

Sukses in voormelde sertifisering sal ongetwyfeld ook tot voordeel van die ander HSAG lede wees, omdat 'n Hof dan 'n klas sal sertifiseer asook oor die meriete van daardie sake sal beslis wat op sy beurt weer momentum aan die HSAG en sy lede sal gee.

Georgiou het op 1 Julie 2019 'n ongetekende Antwoordende Verklaring op die HSAG beteken.

Op 8 Julie 2019 het die HSAG regsman 'n skrywe vir Georgiou se regsman gestuur en hul meegedeel dat die HSAG nie sy ongetekende verklaring aanvaar nie. Op 12 Julie het Georgiou se prokureurs sy getekende verklaring op die HSAG se prokureurs per e-pos beteken.

Die HSAG is tans besig om hul Repliserende Verklaring voor te berei om dit, ingevolge die ooreengekome tydtabel, op 31 Julie 2019 op Georgiou en Andere te beteken.

Die Aansoek vir Sertifisering word aangehoor vanaf 11 tot 15 November 2019. Sien asseblief punt 6 van die HSAG Nuusbrief wat handel oor belangrike datums.

Die Kennisgewing van Mosie, asook die verklaring ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie, is op die HSAG se webblad by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) geplaas en ons nooi u uit om dit deur te lees.

### **4.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20**

Die HSAG gaan nog steeds voort met stappe om beleggers se eise af te dwing. Tydsberekening en die ondersteuning deur die HSAG lede is egter van kardinale belang om sukses te behaal en momentum te behou.

Al is die partye in litigasie dieselfde, berus die eisoor sake van HS 15 tot 20 breedweg op ander feite, omstandighede en regsbeginsels. Byvoorbeeld, onder andere ook bedrog en wanvoorstellings, teenoor kontraktuele eise in HS 21 & 22.

Beleggers in HS 19 tot 20 se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en hierdie aansoek stuit die verjaring van eise.

Tot op datum was dit nog nie nodig om beleggers in HS 15 tot 18 se eise in te stel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek nie aangesien verjaring, op advies van ons advokatuur, nog nie ter sprake is nie.

Ten einde kostes te bespaar sal die Sertifikasie-Aansoek van HS 15 tot 18 derhalwe uitgereik en beteken word sodra die HSAG se advokatuur adviseer dat dit gedoen word. Die HSAG beplan dus sy prioriteite fyn en werk sistematies daarvolgens.

Die HSAG is steeds van voorneme om die Reëlinskema tersyde te stel. Ten einde die proses te bespoedig het die HSAG op 9 Mei 2019 'n skrywe aan Regter Weiner (die Saakbestuurder in die Hooggeregshof in Johannesburg) gestuur ten einde aanwysings te vra ten aansien van die lewering van Antwoordende Verklarings deur mnr Georgiou en Andere.

Georgiou se prokureurs van rekord het daarna bevestig dat Georgiou voor of op 30 Julie 2019 hul Antwoordende Verklaring ten opsigte van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling van die Reëlinskema sal beteken en liasseer.

Regter Weiner tree tans op as 'n Regter van die Hoogste Hof van Appèl en word 'n aansoek eers verwag wanneer haar termyn daar afgeloop is.

Orthotouch se prokureurs het dieselfde datum aangewys.

Tyd en wyl is Orthotouch in terme van die Reëlinskema verplig om maandelikse rente aan HS-beleggers te betaal.

Georgiou is dus tans besig om die Reëlinskema te minag.

#### **4.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek**

Die HSAG is steeds van voorneme om toe te tree in die Noormahomed-appèl aangeleentheid in die Hoogste Hof van Appèl ("HHA") in Bloemfontein. Soos voorheen berig is die uitkoms daarvan van belang vir HS 21 & 22 lede, aangesien die uitspraak waarteen geappelleer word bepaal dat die terugkoopklousules bindend en afdwingbaar is ten spyte van die Reëlinskema wat as verweer geopper is.

Die aansoek om toe te tree as vriend van die Hof is reeds beteken en by die HHA ingedien.

Sou die HSAG se Aansoek suksesvol wees, sal die HSAG (as 'n vriend van die Hof) 'n Hoofde van Betoog kan lewer en ook die geleentheid gegun word om die Hof toe te spreek.

#### **4.4 Van der Sandt se Aansoek om Tussenbeidetrede**

'n Opponerende Verklaring is op 6 Junie 2019 op Van der Sandt se prokureurs van rekord beteken.



Die HSAG is van voorneme om Regter Tolmay, die saakbestuurder in die Hooggeregshof in Pretoria, te nader ten einde Aanwysings te vra ten aansien van die Aanhoor van Van der Sandt se Aansoek.

Indien die HSAG suksesvol sou wees met die opponering van Van der Sandt se nuutste Aansoek vir Tussenbeidetrede in die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22, sal ons vir die Hof vra om 'n bestrawwende kostebevel teen haar toe te staan.

Die HSAG se Opponerende Verklaring is op die HSAG webblad beskikbaar by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) en ons versoek u vriendelik om die Verklaring te lees.

## **5. FINANSIERING VAN KLAS-AKSIES**

Klas-aksie litigasie is gereeld kompleks, uitgerek en potensieel duursaam. Die blote beskikbaarheid van die klas-aksie meganisme bring arm en hulpbehoewende potensieële eisers geensins nader aan toegang tot geregtigheid sonder die bestaan van een of ander manier om die litigasie te finansier nie.

Die wêreldwye tendense is dat klas-aksies gefinansier word op gebeurlikheid, deur regshulpklinieke op pro bono inisiatiewe, en deur derdeparty litigasie befondsingsmodelle asook groepsledebefondsing. Die HSAG maak van laasgenoemde model gebruik.

Die befondsingsmodel het tot op datum hiervan gewerk as gevolg van die ekonomie van skale.

Ongelukkig dui ondervinding in Suid-Afrika aan dat daar min, en soms selfs geen, regshulpklinieke of pro-bono organisasies is met die begroting, hulpbronne en kundigheid om 'n groot-skaal klas-aksie te befonds en bestuur nie.

Tot ons medewete is daar geen finansiële instellings of versekeringsmaatskappye wat bereid is om die litigasie teen Georgiou en Andere te befonds nie.

Die afgelope vyf jaar het aangedui dat Georgiou nie 'n enkele klip onaangeraak sal laat om die klas-aksie uit die weg te ruim nie. Hy het selfs tevore gewaarsku dat hy oor die finansies beskik om die sake teen hom so lank as moontlik uit te rek. Dit is dus nie verrassend dat twee Hooggeregshof regters bevind het dat hy oneties en onprofessioneel opgetree het in sy stryd teen die klas-aksies.

Dit is duidelik dat ons huidige bron van finansiering, die beleggers self, uniek en 'n baanbreker is in die Suid-Afrikaanse reg. Die HSAG het die geleentheid om nie net geregtigheid te laat geskied vir sy lede nie, maar om ook vir toekomstige groepe kwesbare en verarmde mense wat te-nagekom is en vir wie ander individuele roetes tot geregtigheid onbekostigbaar sou wees. Of hierdie finansieringsmodel gaan werk is net so afhanklik van die lede soos wat dit is van die HSAG-bestuur en regspan. Sukses is in die balans en dit is nodig dat die HSAG sy regspan en advokatuur toevertrou om die beste moontlike regsverteenvoording te bied.

## 6. BELANGRIKE DATUMS

- **30 Junie 2019** - Georgiou moes sy Opponerende Verklaring ten aansien van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 beteken en liasseer (Pretoria) (Georgiou het sy getekende verklaring op 12 Julie 2019 op die HSAG beteken);
- **30 Julie 2019** - Georgiou se prokureurs het onderneem om sy Opponerende Verklaring ten aansien van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling te beteken en te liasseer (Johannesburg);
- **31 Julie 2019** - Die HSAG moet 'n Repliserende Verklaring in antwoord op Georgiou se Opponerende Verklaring beteken en liasseer (Pretoria);
- **15 Augustus 2019** - Georgiou se prokureurs van rekord moet hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **15 September 2019** - Die HSAG se prokureurs van rekord moet hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **11 – 15 November 2019** – Aanhoor van Gedeelte B van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22.

## 7. OPVRAGING VIR BYDRAES TOT REGS- EN ADMINISTRASIEKOSTE – 2019

Die jaarlikse bydrae tot regs- en administrasiekoste wat gehef word bly sedert 2017 onveranderd in 'n bedrag van R2 000.00 per persoon, ongeag die hoeveelheid sindikasies waarin 'n persoon belê het. Daarby is daar sedert 2016 kwytskeldings vir beleggers met kleiner eise.

Die HSAG-bestuur het in lig van die omvang, aard en belang van die eerskomende HS 21 & 22 Aansoek vir Sertifisering in November 2019, besluit om van die dienste van 'n senior advokaat gebruik te maak om die HSAG se Applikante te verteenwoordig. Dit sal die beste moontlike regsverteenvoording vir die HSAG verseker, maar sal vir voor die hand liggende redes die finansiële bystand van die HSAG-lede vereis. Georgiou gebruik regdeur die litigasie proses die dienste van 'n senior advokaat en die huidige besluit is nie ligtelik oorweeg nie.

Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig as moontlik toe te sien dat u bydrae tot regs-en administrasiekoste op datum gebring en/of betaal word ten einde die bes moontlike regsverteenvoording vir die HSAG sake te verseker.

Die jaarlikse bedrag het, nieteenstaande die geweldige prysstygings die afgelope drie jaar, onveranderd gebly. Die HSAG en sy regsverteenvoordigers doen alles in hul vermoë om die saak so bekostigbaar moontlik te doen. Indien BTW, bankkoste en ander kostes afgetrek word, is die netto bedrag wat beskikbaar is veel minder en is die gemoedsrus waarvoor die HSAG beleggers betaal om te veg vir 100% van hul eise, plus rente, uiteindelik minder as R5 per dag. Die gemiddelde eise per persoon beloop ongeveer R250 000.

## 8. ALGEMENE BOEDEL NAVRAE

Indien u algemene boedelnavrae het met betrekking tot boedels en die eise van HSAG-lede, is u welkom om 'n e-pos te stuur na [hsagestates@gmail.com](mailto:hsagestates@gmail.com) waarna die HSAG u sal bystaan.

## **9. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP**

Tydens 'n vorige vergadering het die HSAG-bestuur besluit dat HSAG-lede wie nie hul **2014 / 2015 registrasiekoste** vóór of op **31 Desember 2018** op datum bring nie, se lidmaatskap aan die HSAG opgeskort kan word na oorweging van die meriete deur die HSAG-bestuur.

Die gevolge van hierdie opskorting is verreikend:

- Lede wie se lidmaatskap opgeskort is, sal nie meer geregtig wees op enige voordele van die HSAG se suksesse nie en sal ook nie deel vorm van enige toekomstige skikkings wat met die teenkant beklank mag word nie;
- Dit beteken ook ondermeer dat daardie HSAG-belegger se eis teen Orthotouch/ Mnr. Georgiou straks verjaar het. In die huidige bedeling van die klas-aksie aansoek kan dit ook beteken dat diegene wie se lidmaatskap opgeskort is, nie weer sal deel vorm van die HSAG klas-aksie nie en is dit ook moontlik dat hul van die HSAG se databasis en e-pos adreslys verwyder word. Onder die "opt-in" bedeling kan dit ook beteken dat diegene wie se lidmaatskap opgeskort is nie outomaties sal deel vorm van die klas-aksie nie, en addisionele stappe sal moet neem om weer deel te vorm van die HSAG se databasis en e-pos adreslys, asook om ingesluit te word in die klas-aksie, al dan nie.

Indien enigeen wat in hierdie kategorie val sy lidmaatskap wil behou en ingesluit wil bly by die klas-aksie, moet hulle dringend met die HSAG by [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) in verbinding tree.

### **LET WEL:**

- Lede wie op die e-poslys is, kan spesiaal versoek dat hul name behou word en hul agterstallige betalings op datum bring.
- Die blote feit dat 'n persoon 'n e-pos ontvang, beteken egter nie dat hy/sy sonder meer kwalifiseer om deel te wees van die HSAG klas-aksie nie. Maak dus seker dat u besonderhede akkuraat op die HSAG se sisteme verskyn, dat u wel as 'n lid geregistreer is, en dat u registrasiekoste en bydraes op datum is.

## **10. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS**

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.)) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com) vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- [hsagestates@gmail.com](mailto:hsagestates@gmail.com) vir alle Boedel navrae.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

## **11. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE**

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by [www.facebook.com/hsaction](http://www.facebook.com/hsaction) besigtig word.

## **12. SPESIALE OPVRAGING: HS 21 & 22**

Die HSAG-regspan het gedurende Junie 2018 'n Aansoek vir Sertifisering uitgereik ten opsigte van HS 21 & 22.

'n Geweldige hoeveelheid werk en voorbereiding het die uitreiking van die Aansoek voorafgegaan en het die HSAG-bestuur gevolglik besluit om 'n spesiale opvraging ten aansien van HS 21 & 22 in November 2018 te doen.

Gedeelte A van die Aansoek is op 29 April 2019 suksesvol afgehandel. Gedeelte B, wat die Sertifisering van 'n klas ten aansien van HS 21 & 22 behels, word tussen 11 en 15 November 2019 aangehoor in die Hooggeregshof, Pretoria.

Die HSAG doen dus 'n ernstige beroep op elke HSAG-lid met 'n eis in HS 21 & 22 om sy/haar bydraes op datum te bring ten einde die Sertifisering moontlik te maak. Indien u bydraes op datum is, sal dit verseker dat u sonder verdere stappe onder die HSAG sambreel beskerm word.

Die HSAG se saak behoort aan elke HSAG-lid. Dit is die finansiële ondersteuning van die HSAG-lede wat die voortsetting van die litigasie en die volgehoue regsverteenvoordinging moontlik te maak.

### **13. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE**

**Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.**

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige so spoedig moontlik op datum gebring moet word.

#### **Let asseblief op die volgende:**

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 500 per sindikasie word gehef en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Vanaf 2016 was regskoste van R1 000 per sindikasie aangevra;
- iii. Vanaf Mei 2017 was 'n verdere jaarlikse opvraging vir bydraes tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon per jaar gemaak;
- iv. In November/Desember 2018 was 'n spesiale opvraging tot regs- en administrasiekoste vir HSAG-lede in HS 21 & 22 van R500 per persoon gemaak;
- v. Lede wie se registrasiekoste agterstallig is loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
- vi. Vanaf einde Februarie 2019 word persone wie se totale eiswaarde/ totale beleggingswaarde per persoon R60 000,00 of minder beloop, deur middel van 'n vooraf skriftelike versoek aan die HSAG se prokureurs (hsagenquiries@gmail.com), kwytsgekeld van die 2019 administratiewe- en regskostes, mits hul bydraes op datum is.
- vii. Kwytskelding geskied jaarliks en is nie van toepassing op vorige jare se registrasie / administrasie / regskostes / agterstallige fooie en die spesiale opvraging vir HS 21 & 22 lede nie en is steeds betaalbaar.
- viii. Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regspan wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n lang pad saam gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie en die proses wat nou gevolg gaan

word ten einde die Reëlinskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleenthede suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

#### **14. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG**

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger.

**Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:**

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte te hou van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.
- vi. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)

\*AFRIKAANS HIERBO\*

## MONTHLY NEWSLETTER: JULY 2019

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

### **HSAG OFFICIAL NEWSLETTER – JULY 2019 CONTENTS:**

1. THE ANALOGY OF THE APRICOT TREE
2. PUT YOUR MONEY WHERE YOUR MOUTH IS
3. WHAT THE MEDIA REPORTS ON PIC-INVESTMENTS – PART 2
4. THE CURRENT STATE OF LITIGATION:
  - 4.1 Fast Track Certification Application (HS 21 & 22)
  - 4.2 Investors with claims in HS 15 to 20
  - 4.3 Application to intervene as a friend of the Court (*amicus curiae*) in the Noormahomed Appeal Application
